



# JAKARANDA VOORTREKKERKAMP



## “Reik na die Sterre”

[jakarandakamp@voortrekkers.org.za](mailto:jakarandakamp@voortrekkers.org.za)  
<http://jakaranda.voortrekkers.org.za>

Posbus 1266  
Garsfontein  
0042

Geagte Kommandoleier/AKL Administrasie

21 Januarie 2019

Kom kamp saam met die 35-ste Jakaranda Voortrekkerkamp op Die Voortrekkerplaas te Hartebeesfontein. Ons hou 'n prettige **verjaarsfees** deurlopend op die kamp.

Hierdie brief bevat inligting oor die kamp wat jy asseblief moet versprei aan jou kommandoede, veral die penkoppe en drawwertjies, graad 1 - 7, asook offisiere, Heemraadslede, verkenners en ouers.

### 1. PLEK EN DATUM

Die amptelike duur van die kamp is **Woensdagaand 20 Maart 2019 om 18:30 tot Sondagoggend 24 Maart 2019 om 11:30** en word gehou op die Voortrekkerterrein, **Hartebeesfontein**, sowat 50km Noord van Pretoria. Voorsien asseblief **eie aandete vir Woensdagaand**. Die eerste ete is eers Donderdagoggend uit die kombuis.

### 2. SLUITINGSDATUM VAN INSKRYWINGS

Inskrywings sluit **Vrydag 1 Maart 2019 en betalings teen 8 Maart 2019** by bogenoemde adres of gebiedskantoor vir inskrywings en oorbetalings. Slegs plaasvervangings binne kursusverband kan na die sluitingsdatum geskied. Inskrywings wat na die sluitingsdatum aanvaar word sal onderhewig wees aan **laat fooie** van **R40** per inskrywing.

### 3. WIE KAN INSKRYF

Dupliseer asseblief die nodige aangehegde vorms A, B, C en D. Inskrywing geskied soos volg:

- a) Voortrekkers wat in gr. 3, 4, 5, 6 of 7 is - **Vorm A**.
- b) Voortrekkers wat in gr.1 en 2 is mag kom kamp as hulle **eie Spanoffisier of hulle ouers** hulle vergesel - **Vorm A**.
- c) Diensdoende volwassenes (Offisiere, Heemraadslede, Staatmakers, Vriende en ouers) - **Vorm B**.
- d) Diensdoende verkenners - **Vorm C**.
- e) Kinders van volwassenes op die kamp, jonger as gr. 1 - **Vorm D** (Kapokkie) - hulle doen nie 'n kursus nie maar word konstruktief besig gehou.
- f) Opleidingskursus vir volwassenes: **Voortrekkerspyseniering - Vorm J-O1** Let wel,

<http://jakaranda.voortrekkers.org.za>

Bladsy 1 van 5

Spyseniering is **NIE** deel van die Kombuis nie en is **nie** gereken as diensdoende nie.

#### 4. AKL-ADMIN

Die kampbrief is ook elektronies beskikbaar by [www.transvaal.voortrekkers.org.za](http://www.transvaal.voortrekkers.org.za); volg die PD sake en dan gebiedskampe skakel. **Alle** inskrywings moet deur die Kommando geskied. Die Kommando moet toesien dat alle Voortrekkers wat inskryf vir die kamp, **reeds** by die Gebiedskantoor vir 2019 geregistreer is en dat die registrasienommers op hulle vorms ingevul is. Al die inskrywingsvorme word dan deur die Kommando opgesom deur vorms E, F en G te voltooi en saam met die nodige betaling na bogenoemde adres of gebiedskantoor te stuur.

**NB: Maak asb seker dat die opsommings korrek volgens die inskrywings gedoen word. Die t-hemp bestellings en ook die sertifikate word volgens die opsommings gedoen en geen veranderinge of ommuilinge sal geskied indien die fout op die opsommings gemaak is nie. Slegs elektroniese opsommingsvorme, E, F & G in excel formaat, ingestuur deur die AKL Administrasie van die kommando sal aanvaar word. Indien meerdere opsommingsvorme aangestuur word, moet daar elke keer van 'n nuwe vorm gebruik gemaak word en slegs die bykomende name word daarop aangedui. Dui asseblief elke keer die opvolgende reeksnommer van die opsommingsvorm aan. Veranderinge aan vorige opsommingsvorme moet APART gekommunikeer word.**

Alle kommando's moet asseblief ook al die inskrywings vir die kamp op SAS invul. Ons gaan die SAS en papier inskrywing stelsel parallel gebruik, om seker te maak daar is nie foute nie. Basiese riglyne hoe om 'n lid op SAS vir die kamp in te skryf, is ook beskikbaar op Jakaranda se webblad.

#### 5. KURSUSSE

Let asseblief daarop dat **Redding slegs 20** kursusgangers, **Beeldende Kunste slegs 30** kursusgangers, **Versamelkuns slegs 36** kursusgangers en **Sterrekunde slegs 50** kursusgangers kan akkommodeer. Plek kan **slegs op SAS** bespreek word en dan opgevolg word met die inskrywingsvorm en die kampgeld teen die sluitingsdatum. Daar kan vir slegs 1 kursus in die jeuglid se graadgroep ingeskryf word.

Graad 1: Kind van Jesus

Graad 2: Veldkook

Graad 3: Handwerk, Plantwaarneming.

Graad 4: Noodhulp, Vasbyt, Versamelkuns (36).

Graad 5: Ekosorg, Touwerk, Weerkennis.

Graad 6: Redding (20), Spoorsny, Beeldende Kunste (30), Sterrekunde (50).

Graad 7: Medemens, Erfgrond.

Volwassenes: Spyseniering (Koste beloop R750 - sluit kursusmateriaal en voorskoot in)

Spanoffisiere moet asb seker maak dat jeuglede en hulle ouers kennis dra van die inhoud van

die spesialisasie waarvoor hulle inskryf. Spesialisasievereistes is beskikbaar op Jakaranda se webblad. Ouers van kinders met spesiale medikasie vir konsentrasie moet ook ingelig word dat die kinders aktiwiteite doen wat wel konsentrasie verg en dus seker maak hul stuur die nodige saam.

Die Voortrekkerspyseniering kursus word vir volwassenes, wat daarvoor inskryf, aangebied tydens die kamp. Daar is 'n goeie balans tussen die teorie en die praktyk. **Dit is nie Kombuisdiens nie.** Die kursusganger word opgelei om as kampkok en Voortrekkerspysenier op te tree. Onderwerpe sluit in: Gees in die kombuis; Gebalanseerde maaltye; Verskeidenheid van disse; Spesiale diëte; Beplanning; Spyskaart; Hoeveelhede; Begroting en aankooplys; Kombuistoerusting; Noodhulp in die Kombuis; Kombuisuitleg; Kombuishigiëne; Voedselhantering; Noodtoestande in kombuis; Tydskedule opstel; Diensspanne; Algemene wenke; Etiket; Beeldbou; Veldkook; Entrepreneurskap. 'n Minimum van 5 kursusgangers is nodig om die kursus sinvol aan te bied. Bespreek jou plek by die kampsekretaresse vroegtydig.

## 6. ALLE VOLWASSENES

**Alle volwassenes moet bereid wees om in enige van die afdelings op die kamp diens te doen, nie net saamloop met die kursusse nie, maar ook aktief help met aanbiedings, toepassing van dissipline, diensbeurte, ens.** Kursusleiers sal jul vooraf kontak om reëlins te tref vir take binne kursusverband. Ons sal probeer om jou volgens jou keuses te plaas. Dui asb jou eerste **5 keuses** aan by wyse van voorkeur. **Opsommingsvorm F** moet asseblief volledig deur die AKL-Admin van elke Kommando ingevul word vir hierdie doel. Let wel: Inskrywings wat **laat** ontvang word, word geplaas na gelang van behoefte by kursusse.

6.1 Vir **elke 8** Penkoppe/Drawwertjies wat kom kamp moet daar **een diensdoenende volwassene** saamkom wat vir die **volle duur** van die kamp op die kamp teenwoordig sal wees. Volwassenes moet vir die volle duur van die kamp teenwoordig wees indien hulle by 'n kursus betrokke is. Kampraadslede staan in diens van die kamp en kan nie gereken word as 'n kommando diensdoende volwassene nie. Indien u nie aan die voorgeskrewe kwota volwassenes kan voldoen nie, skakel die kampleier voordat die kampinskrywings ingestuur word en vermy die risiko dat al die kommando se inskrywings nie aanvaar sal word nie. .

6.2 Indien daar kinders met spesiale behoeftes en gestremdhede in die kommando is, moet die kind deur 'n volwasse persoon vergesel word. Dui dit duidelik op die inskrywingsvorm aan,

## 7. KINDERS VAN VOLWASSENES

7.1 Toesig en 'n program word gereël vir kinders tot en met Voorskool (Gr R). Hulle is die Kapokkies en vrywaringsvorms moet ook vir hulle voltooi word as hulle nie reeds ingeskrewe lede van die Voortrekkers is nie.

7.2 Verkenners en hul spanmaats word in die kamp se taakmag opgeneem wat bepaalde gewaardeerde dienste aan die kamp lewer. Daar sal werklik gepoog word om dit ook vir hulle aangenaam te maak.

## 8. HUISVESTING

Kommando's moet asseblief sorg vir genoeg tente vir die aantal seuns en genoeg tente vir die aantal dogters wat inskryf. Sorg moet asseblief gedra word dat die tente in 'n goeie en **reëndigte** toestand is. Vir volwassenes wat nie eie huisvesting het nie is daar beperkte slaapplek in die slaaplokale beskikbaar. Karavane en tente is ook welkom vir volwassenes. Volwassenes kamp **nie** in die jeuglede se tentedorpe nie. Geen jeuglid in graad, 3 tot 7 wat kursus doen, slaap in die kamers of in die karavane by hulle ouers nie.

## 9. KAMPGELDE

Kampfooie beloop R670 per kursusganger. Persone wat diens doen se fooie beloop R570 en Verkenners betaal ook R570. Kombuisspan betaal R300. Kapokkies - 0 tot 2 jaar is gratis en vanaf 3 jaar - Gr R betaal R410. Alle betalings moet per **kommandotjek / internetbetaling / direkte inbetaling**, met strokie as bewys, geskied. **GEEN** kampgelde word terugbetaal nie - 'n plaasvervanger kan wel ingeskryf word. Goeie kommunikasie rondom hierdie aspek is belangrik. Die bankbesonderhede is op die excel opsommingsvorm.

## 10. VERVOER

Kampeeders/Kommando's is verantwoordelik vir **eie** vervoer na en van die kamp.

## 11. BESOEKERS

Ouers en ander belangstellendes word geleentheid gebied om Woensdagaand saam op die kamp te kuier. Bring jul eie piekniekmandjie met eet- en drinkgoed saam. Onthou ook om kampstoele te bring. Tydens die besoek is die besoeker onder die bevel van die kampleier. Alle besoekers moet die terrein teen 21:30 verlaat. Die hekke sluit 21:45.

## 12. KAMPDISSCIPLINE

Ingevolge die grondwet en reglemente van Die Voortrekkers is die kampleier verantwoordelik vir hantering van dissipline. **GEEN** persoon mag die kampterrein betree of verlaat sonder sy toestemming nie. Indien 'n inskrywing aanvaar word, onderwerp die persoon hom aan die kampleier se gesag.

## 13. KAMPBENODIGHEDE

'n Kampbrief wat sal bevestig by watter kursus 'n kampeerder ingedeel is, met die lysie van alle kamp- en kursusbenodighede, sal gestuur word **nadat die inskrywings gesluit** het.

#### 14. JAKARANDAKAMP T-HEMDE

As deel van die kampgeld sal elke kampeerder 'n FEES T-hemp ontvang. Inskrywings ontvang na die sluitingsdatum kan nie 'n fees t-hemp gewaarborg word nie maar kan 'n hemp in dieselfde kleur ontvang. Maak asseblief seker van die grootte van die T-hemp vir die kind. Groottes word gemeet deur die hempie op 'n plat oppervlak te laat lê en dan van onder die een mou na die ander mou te meet. Elke kampeerder sal 'n pet/hoed ontvang.

#### 15. GRAAD 7's

Ons wil julle graag daaraan herinner dat die bywoning van gebiedskampe een van die vereistes vir die toekenning van die Voorslag P/D onderskeiding is, so ook die Medemens of Erfgrond spesialisasie.

#### 16. POPI wet

Daar word deurgaans op die kamp foto's en video's geneem van kampaktiwiteite. Geen name van kampeerdere word met die foto's gekoppel nie. Hierdie foto's en video's word weer vir bemerking gebruik. Indien 'n jeuglid nie op 'n foto mag verskyn nie, moet dit so aangeteken word op die inskrywingsvorm.

#### 17. NAVRAE

Navrae kan tot die kampleier en die kampsekretaresse gerig word by [jakarandakamp@voortrekkers.org.za](mailto:jakarandakamp@voortrekkers.org.za)

Kampleier:	Jan-Albert de Kock	071 380 9757
Kampsekretaresse:	Annemaré de Kock	083 554 2181
Kamp adjudant:	Liesl Krause	082 786 7485

Ons vertrou dat ons op julle kan staatmaak om van hierdie kamp 'n sukses te maak.

Jakaranda Voortrekkerkampgroete,

JAN-AIBERT DE KOCK  
Kampleier

ANNEMARÉ DE KOCK  
Kampsekretaresse